# Resensies


- Wessels, Leon. 2006. **My regte! Jou regte?** Pretoria: LAPA Uitgewers.
  (*Jan Swanepoel*) .................................................. 129
- Bothma, Jan. 2006. **Waar is my geliefde wat gesterf het?** Wellington: Lux Verbi.BM.
  (*Klasie Heystek*) .................................................. 133
- Esterhuyse, Frans. 2006. **Spotprente vóór ’94 en daarna ...** Pretoria: LAPA Uitgewers.
  (*N. Goetsch*) .................................................. 135
- Dobson, James. 2005. **Die eiesinnige kind.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
  (*Esmé van Rensburg*) .................................................. 137
- Claassens, H.W. 2006. **Die geskiedenis van Boerekos: 1652-1806.** Pretoria: Protea Boekhuis.
  (*R.M. Coetzee*) .................................................. 139

Resensies

# My regte! Jou regte? Kom ons praat

**Wessels, Leon.** 2006. **My regte! Jou regte?** Pretoria: LAPA Uitgewers. 224 p. Prys: R130,00. ISBN: 0 7993 3640 8.

**Resensent**: Jan Swanepoel
Dekaan, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Die aanbreek van 'n nuwe regstaatlike bedeling in Suid-Afrika in 1994 is met 'n verskeidenheid reaksies begroet. Oorwegend was die reaksie een van diepe dankbaarheid dat Suid-Afrikaners op die pad van groter geregtigheid is en weer deel van die internasionale gemeenskap kon word. Alhoewel die vreedsame oorgang in Suid-Afrika steeds wêreldwyd bewondering ontlok, bemerk ek hier te lande dat die entoesiasme vir die nuwe Suid-Afrika aan die taan is en dat die glans van die reënboognasie besig is om te verdof. Ook die Suid-Afrikaanse Grondwet wat internasionaal beskou word as een van die progressiefste grondwette ter wêreld, word toenemend gekritiseer, onder meer omdat dit na bewering die regte van misdadigers meer sou beskerm as dié van wetsgehoorsame burgers.

Dit is teen hierdie agtergrond dat dit verblydend is dat daar 'n boek oor menseregte verskyn uit die pen van 'n persoon wat baie goed geposisioneer was om die oorgang van die ou na die nuwe Suid-Afrika van naderby te beleef. Leon Wessels, tans ondervoorsitter van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie, is by uitnemendheid geskik om hierdie geskrif die lig te laat sien. Nie alleen is hy 'n praktiserende en akademiese regsgeleerde nie, maar hy was ook oor 'n hele aantal jare betrokke by die politieke toneel. Hy was onder meer op kabinetsvlak in die ou Suid-Afrika op polities-sensitiewe terreine werksaam en moes die politieke onrus van die laat tagtigerjare met sy streng veiligheidswetgewing help bestuur. Hy verswyg nie hierdie politieke bagasie nie. Verder is hy deeglik vertroud met die grondwetlike onderhandelinge waar verskillende poli-

tieke bewegings, in besonder die ANC en die NP, tot 'n vergelyk moes kom oor die beginsels wat aan 'n nuwe demokratiese, nie-rassige en nie-seksistiese Suid-Afrika ten grondslag sou lê. Hy het later opgetree as ondervoorsitter van die Grondwetskrywende Vergadering wat die 1966-Grondwet opgestel het. As lid van die Menseregtekommissie, een van die sogenaamde Hoofstuk 9-instellings van die Suid-Afrikaanse Grondwet, werk hy tans op deurlopende basis met die besorgdhede en klagtes van Suid-Afrikaners wat van mening is dat hulle menseregte aangetas word.

Ek wil my verstout om te sê dat 'n meerderheid Suid-Afrikaners nie onmiddellik die volle implikasies besef het van wat hulle getref het toe die oorgang gemaak is van 'n minderheidsoorheerste Westminister-bedeling tot 'n grondwetlike demokrasie oftewel 'n regstaat nie. Hierdie boek van Leon Wessels kan beskou word as 'n poging om Suid-Afrikaners tuis te maak in en vertroud te maak met 'n ingrypend veranderde bedeling, gegrond op 'n beduidend ander waardestelsel as wat tevore geheers het.

Die titel van die werk, *My Regte! Jou Regte?* bied 'n goeie oorsig oor wat die leser te wagte kan wees. Wanneer Suid-Afrikaners gewoonlik in 'n diskoers oor regte betrokke raak, is daar enersyds 'n sterk opeising van die regte wat die persoon self toekom (*My Regte!*) en andersyds 'n bevraagtekening van ander persone se regte (*Jou Regte?*). Die newetitel bied 'n sleutel tot hoe die skrywer meen dat geskille oor regte gehanteer moet word: *Kom ons praat.* Dit is dan ook nie sonder betekenis dat die skrywer daarop wys dat daar in die nuwe Suid-Afrika 'n verandering in die geregtigheidsbegrip aan die ontwikkel is nie. Waar geregtigheid tradisioneel voorgestel is as *Iustitia*, die godin wat geblinddoek – en daarom onbevooroordeeld en gedistansieerd – die skale van geregtigheid vashou, kry ons in die logo van die Konstitusionele Hof 'n voorstelling van mense wat onder 'n boom in gesprek verkeer. Dit dui op aktiewe betrokkenheid van mense in die beslegting van geskille. Omdat die reg onder meer konflik probeer beredder, dui Wessels se oproep tot gesprek en die uitnodiging om met betrokkenes oor strydpunte te gesels, die weg aan oor hoe belangebotsings in 'n gepolariseerde samelewing met 'n baie bepaalde geskiedenis gehanteer behoort te word. Nie langs die weg van geweld of blote brute mag nie, maar langs die weg van gesprek. In die gesprek moet elke deelnemer vanuit sy bepaalde gesitueerdheid sy stem kan laat hoor om sodoende burgerlik – in die woorde van die regsfilosoof John Fuller – van sy/haar reg gebruik te maak om

respekvol aangehoor te word in prosesse waar daar beslissings gemaak moet word oor sake van openbare belang.

Die samestelling of struktuur van die boek word ook reeds deur die titel gesuggereer. Na kontekstualiserende perspektiewe in die *Proloog* en *Inleiding*, stippel die skrywer in die eerste gedeelte die vertrekpunte vir ’n diskoers oor regte in die Suid-Afrikaanse konteks uit. ’n Goue draad wat dwarsdeur hierdie besprekings loop, is die vertrekpunt dat alle mense oor sekere fundamentele regte beskik. In hierdie eerste afdeling vestig Wessels die aandag daarop hoe daar in Suid-Afrika wegbeweeg is van ’n *oog-vir-oog-konflik* na ’n *oog-tot-oog-onderhandelings.* Die belangrike kwessies van grondwetlike waardes kom in ’n netjiese uiteensetting aan die bod. Daar word verder aandag geskenk aan ’n verskeidenheid perspektiewe van teologiese kant op menseregte, elkeen duidelik gestempel deur die soort teologiese agtergrond van die gespreksgenote (Childs, Boesak en Du Toit). Die eerste gedeelte van die boek word afgesluit met die bespreking van ’n kontroversiële aangeleentheid, te wete die vraag oor hoe Suid-Afrikaners met hulle verlede moet handel. Moet die boeke spreekwoordelik bloot toegemaak word? Moet daar slegs konstruktief vorentoe geleef word sonder om in te gaan op verwyte oor vroeëre leed wat Suid-Afrikaners mekaar aangedoen het, of moet daar juis erns gemaak word met die verlede en die wonde van ons bestrede geskiedenis? Hieroor is daar by Wessels geen twyfel nie, soos blyk uit die Faulkner-onderskrif van een van die hoofstukke, wat soos volg lui: *Die verlede is nooit dood nie en dit is ook nooit verby nie*. Hy spreek die oortuiging uit dat wit Suid-Afrikaners nie werklik die geleentheid aangegryp het om kollektief hulle skuld aan die vergrype van die apartheidsbedeling aan hulle landgenote te kommunikeer nie en dat hiermee ’n gulde kans op versoening verspeel is. Terwyl die weliswaar omstrede Waarheids- en versoeningskommissie se werksaamhede afgesluit is, is daar in instellings soos die Menseregtekommissie steeds geleentheid om te praat en uitsluitsel te kry oor sake wat menseregte raak.

In die tweede gedeelte van die boek *Jou én my regte* kom ’n wye reeks regte wat in die Handves van Regte (Hoofstuk 2 van die Grondwet, 1996) beskerm word, een vir een onder bespreking. Daar word eerstens aandag geskenk aan sogenaamde spesiale regte, te wete dié van menswaardigheid, gelykheid en lewe. Dit word opgevolg deur ’n behandeling van regte wat verband hou met vryheid van assosiasie, taal kultuur en godsdiens, dan politieke en burgerlike regte en laastens sosiaal-ekonomiese regte.

In die slotgedeelte van die boek vestig die skrywer die aandag daarop dat, wanneer dit oor regte gaan, voortdurende waaksaamheid die prys van vryheid is. Verder besin hy oor die vraag hoe goed Suid-Afrikaners en Afrikane mekaar ken.

Uit die uiteensetting hierbo behoort dit duidelik te wees dat Wessels in sy boek gewigtige sake aansny. Die outeur moet daarmee gelukgewens word dat hy dit nie swaartillend in ’n gespesialiseerde akademiese diskoers doen nie. Hierdie eenvoud kan enersyds toegeskryf word aan die feit dat die boek ’n samestelling is van geskrifte wat oor ’n tydperk ontwikkel het en in verskillende fora en media gelewer is. Die feit dat Wessels vir lank in die politiek en openbare lewe bedrywig was, kan seker ook as ’n bydraende faktor tot hierdie gemaklike kommunikasiestyl gesien word. Die belangrikste oorweging is waarskynlik dat die skrywer werklik in kontak met lesers wil tree wat oorwegend nie regskenners is nie. Die boek is geskryf vir mense wat met die alledaagse problematiek van die Suid-Afrikaanse samelewing besig is en wat standpunte op ’n verskeidenheid kontensieuse aangeleenthede nahou – sake soos regstellende aksie, taalregte, die doodstraf en dergelike sake. Terwyl Wessels se insigte goed begrond is, word dit nie op ’n oortegniese wyse aangebied nie. As sodanig bied hierdie boek ’n welkome aanvulling tot die oorwegend gespesialiseerde Suid-Afrikaanse mensregteliteratuur.

Ten slotte wil ek opmerk dat hierdie boek opnuut ’n aantal sake op die denkagenda plaas. Die eerste hiervan is die kwessie van besinning oor identiteit: oor wat dit inhou om in ons land met sy besondere geskiedenis tegelyk Afrikaner, Suid-Afrikaner, Afrikaan en mens te wees. ’n Tweede is dat daar in ons land ’n dringende behoefte is om in diepte na te dink oor ons geskiedenis en oor hoe om daarmee saam te leef. By die lees van die boek het ek met ’n ligte skok ervaar hoe gou ’n mens se kennis oor die resente geskiedenis van ons land versand en vervaag. Die gesprek oor regte is nie een wat blind kan wees vir alle Suid-Afrikaners se uiteenlopende perspektiewe op ons geskiedenis(se) nie. *My regte! Jou regte?* is ’n waardevolle begeleier op hierdie denkreis.

# Weet ons wat gebeur hierna?

**Bothma, Jan.** 2006. **Waar is my geliefde wat gesterf het?** Wellington: Lux Verbi.BM. 125 p. Prys: R79,95. ISBN: 0 7963 0514 5.

**Resensent**: Klasie Heystek
(Emiritus) Gereformeerde Kerk Wapadrant

Afskeid bring noodwendig verlies, gemis en hartseer mee. In die besonder wanneer dit 'n permanente afskeid is soos by die dood van 'n dierbare. Onwillekeurig onstaan 'n rits vrae, soos: Wat het met die oorledene gebeur tydens die sterwe? Waar is hy/sy nou? Die liggaam word begrawe, maar wat van die siel/gees? Is daar vir die siel (en die liggaam) 'n tussentoestand van bewaring op een of ander wyse? Wat gebeur by die wederkoms van Jesus Christus? Is ek gereed vir my eie sterwe?

Bothma is 'n pastorale teoloog. Sy keuses uit die Bybel en dit wat deur die eeue oor die onderwerp geskryf is, word met opset so gekies en geformuleer dat dit die pastoraat dien. Alhoewel teologies verantwoord, is die boek geskryf vir die gewone leser wat duidelike insigte oor die dood en daarna wil hê. In hierdie opsig beantwoord die boek aan sy doel. Die skrywer beskik oor die vermoë om moeilike sake besonder helder en duidelik te formuleer, sodat 'n hoërskoolleerder dit sal kan verstaan.

Bogenoemde winspunt sal vir teoloë waarskynlik 'n gebrek wees, aangesien die onderwerp "nie so eenvoudig" is nie. 'n Flits van die kompleksiteit van die onderwerp word aangeraak waar die standpunt van Berkouwer weergegee word (p. 23-28). Teoloë sal saam met Berkouwer veel dieper wil grawe in die geskiedenis en veral die Bybel as wat in hierdie boek aangebied word. Vir die teoloog sal dit ook teleurstellend wees dat die standpunt van Calvyn nie kernagtig in 'n paragraaf weergegee word nie, alhoewel 'n onderafdeling wel aan sy siening gewy word (p. 20 en 21). Al wat gesê word, is dat hy wegbeweeg het van Plato. Inderwaarheid het Calvyn groot en diepsinnige bydraes oor hierdie aspek van ons lewe gegee (vgl. *Institusie*, boek 3, hoofstuk 25).

Die boek is in sewe hoofstukke ingedeel:

- Vroeë beskouings oor die lewe na die dood (p. 17-42). Daar word met Plato begin en by G. van der Leeuw (1890-1950) geëindig. 'n Nuttige oorsig tot op daardie tyd word oor die onderwerp gegee.
- Uitsprake van die belydenisskrifte waaronder Nederlandse, Switserse en Engelse belydenisskrifte (p. 44-49). 'n Vergelyking tussen die belydenisse lewer interessante insigte.
- Ses dwalings oor die tussentoestand, byvoorbeeld vaevuur, sieleslaap, spiritisme, en nog meer (p. 51-59).
- Perspektiewe uit die Ou en Nuwe Testamente (p. 61-68).
- Skrifbewyse uit die Nuwe Testament (p. 71-86). Bothma se Skrifbeskouiing is in ooreenstemming met die gereformeerde tradisie en sy eksegese is deeglik en betroubaar.
- Samevatting van die voorafgaande (p. 89-95).
- Om te bemoedig (p. 99-124). Hier is Bothma, die pastoor, aan die woord en aan diens. Hierdie hoofstuk is die hoogtepunt van die boek.

Die boek is in grootdruk en lees baie maklik. Ek is oortuig daarvan dat dit groot byval sal vind by elkeen wat meer oor hierdie saak wil weet en wil voorberei vir wat voorlê. Natuurlik was en is die Gees baie sober in openbarings oor hierdie groot saak vir die mens. Maar dit wat ons moet weet om gelukkig te lewe en te sterwe, word vir ons gegee.

Wie dieper en wyer wil grawe sal ook ander skrywers moet nader trek. Die boek word van harte aanbeveel vir die doel waarvoor dit geskryf is. Ons gelukwense aan die skrywer en dank vir diens wat gelewer is.

# Geskiedenis met insig en humor

**Esterhuyse, Frans.** 2006. **Spotprente vóór ’94 en daarna ...**
Pretoria: LAPA Uitgewers. 175 p. Prys: R70,00.
ISBN: 0 7993 3692 0.

**Resensent**: N. Goetsch
Pretoria

Die boek bevat ’n keur van spotprente wat verskyn het vanaf 1981 tot 2005. Die voorwoord deur P.G. du Plessis is insiggewend in die belangrike bydrae wat ’n spotprentkunstenaar lewer en die uitdagings wat sy werk inhou.

Die spotprente verskyn kronologies en is nie volgens tema gerangskik nie. Die kronologiese hantering van die spotprente en die herhaling van temas gee aan die leser ’n interessante kyk op die ontwikkelings en veranderings wat oor ’n kwarteeu plaasgevind het. Die temas van die spotprente wissel van partypolitiek, buitelandse betrekkinge, belangrike gebeure in plaaslike en wêreldgeskiedenis tot skindernuus oor bekendes. Alhoewel die temas wat hanteer word oorwegend ernstig is, is daar genoeg skerpsinnigheid om die humor daarin raak te sien. Soos P.G. du Plessis opmerk: “... ’n stukkie ligtheid en ’n glimlag wat soos ’n sonnetjie deur die hewige bewolkthede van hoofartikelbladsye breek”.

Dit is veral baie insiggewend om te sien hoeveel van Suid-Afrika se huidige krisisse nie nuut is nie, maar al vir jare sluimer, foute wat weer en weer deur politici gemaak word, dieselfde swakhede wat net in verskillende rolspelers voorkom en die wisselvalligheid van buitelandse opinies. Die boek gee ook aan die leser die luuksheid van retrospeksie en die leser moet soms, al is dit dalk onwillig, erken dat Suid-Afrikaners deur politici bedrieg is en dat baie vrese en oortuigings eintlik kortsigtig en lagwekkend was.

Die boek begin met ’n spotprent van die “reusagtige” bedryging wat kommunisme vir ons ingehou het en eindig met die daaglikse frustrasie van verkeersprobleme en die rol van die verkeersbeamptes. Die beheptheid met die “Rooi-gevaar” is nóú lagwekkend, terwyl die frustrasie van verkeer en die ondoeltreffendheid van staatsamptenare glad nie tans lagwekkend is nie. Die spotprente oor Mugabe en Zimbabwe is uiters skerpsinnig en dit is skokkend om te dink dat daar so ’n lang aanloop was, en oor die afgelope kwarteeu so baie

gesê is, maar niks daadwerkliks gedoen is nie. Politieke struweling en dubbelpratery, nuwe name aan ou probleme, Amerika se dubbele standaarde en inmenging in die buiteland, die toestand van staatshospitale, raadslede se salarisse, swak diensverskaffing, transformering in sport … daar is werklik niks nuuts onder ons Suid-Afrikaanse son nie!

Esterhuyse gebruik kragtige metafore: die geveg in die bokskryt, die verraderlike slang, treine, perderuiters, die buitestander, die groot hand wat agter die skerms die marionette se toue trek en wenners en verloorders. Die leser kan nie help om hierdie metafore te herken nie: die soustrein wat steeds voortstoom, die magstryd wat homself jaarliks herhaal, die wilde perde wat opgesaal word en die groepe wat voel dat hulle nog buite in die koue is. Al wat verander het, is die identiteit van die een wat die eerste houe slaan en dalk die kleur van die ruiters.

Die kuns van spotprente bly die vermoë van die kunstenaar om, sonder woorde, die waarheid bloot te lê. Die pret van spotprente lees is die vreugde om die karakters te kan herken. Dit is ’n kuns en Esterhuyse het ’n besondere slag met sy pen om karaktertrekke duidelik weer te gee. Spotprente wat oor geskiedkundige gebeure kommentaar lewer, kan egter neig om ’n sekere geslag, dié wat nie die gebeure beleef het nie, uit te sluit. In *Spotprente vóór ’94 en daarna* ... is egter voorsiening gemaak vir diegene wat nie deel was van die geskiedenis nie. Kort onderskrifte gee ’n baie kort verduideliking, waar nodig, sodat almal die prente kan verstaan en geniet.

’n Mens kan nie help om waardering te hê vir die kunstigheid en die talent wat in spotprente opgesluit lê nie. Dit is ook ’n waardevolle geskiedkundige bron. Miskien sou meer leerders Geskiedenis op skool neem indien alles so maklik en gevat verduidelik kon word. Spotprente is werklik ’n geval waar ’n skets meer as ’n duisend woorde weergee, en sommer nog ’n klomp emosie en kommentaar ook op die koop toe. Spotprente gee dus insig in die psige, die mentaliteit en die houdings van ’n sekere groep mense of ’n hele volk of nasie.

’n Breë groep lesers sal aanklank vind by hierdie boek. Dit is nie net opvoedkundig nie, maar is ook vermaaklik. Dit is die ideale koffieboektafel, sal die tyd in ’n wagkamer draaglik maak en vir diegene wat die politiek volg, sal dit nuwe insigte op ou probleme gee. Selfs die gemiddelde Suid-Afrikaner wat nuusgebeure volg deur stadiger te ry en die lamppaalplakkate te lees, sal nie soos ’n

leek voel indien hy die boek deurblaai nie. Dit is ’n ideale geskenk of reisgenoot en sal beslis nie stof vergaar op ’n bedkassie nie.

# Riglyne vir aktiewe en verantwoordelike ouerskap

**Dobson, James.** 2005. **Die eiesinnige kind.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 248 p. Prys: R89,95. ISBN: 1-77000-168-9.

**Resensent**: Esmé van Rensburg
Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Wie ken nie eiesinnige kinders nie? Dit is daardie kinders wat, soos Dobson dit stel:

> … met die spreekwoordelike sigaar in die mond in die wêreld inkom, al gillend oor die temperatuur in die kraamkamer, die onbekwaamheid van die verpleegpersoneel en die manier waarop dokters dinge hanteer. Lank voor hulle baba gebore word, weet ma’s van kinders met ’n sterk wil dat iets anders binne-in hulle aan die gang is. Sulke babas probeer alreeds hulle voorletters op die wande van die baarmoeder uitkerf. As baba raak hulle taamlik omgekrap as hulle bottel laat is en hulle eis om dwarsdeur die dag vasgehou te word. Hulle gunsteling speeltyd is drie-uur in die oggend. Hulle put genot daaruit om die mat met Ma se grimering te verf of om die kat in die toilet te probeer afspoel (p. 10).

Dobson sê dan ook dat sulke kinders as tieners geïrriteerd is en daarop uit is om enige vorm van gesag te ondermyn.

Alhoewel Dobson se fokus met die boek was om vir ouers van eiesinnige kinders riglyne te verskaf rakende die hantering van hulle kinders, is die boek ’n uitstekende gids vir alle ouers, aangesien die riglyne wat verskaf word, eintlik maar op die meeste kinders van toepassing is (die meeste kinders gaan mos maar ook deur eiesinnige fases!). In Hoofstukke 2 en 3 fokus hy veral op die eie-

sinnige kind en gee verklarings waarom hierdie kinders sodanig is (hoofsaaklik weens so ’n aangebore temperament).

Dobson se basiese uitgangspunt is dat daar twee belangrike pilare vir ouerskap is, naamlik liefde en beheer en dat daar ’n balans tussen hierdie twee pilare moet wees. Sy uitgangspunte en riglyne is Bybels-gefundeerd en hy motiveer ook dikwels sy standpunt vanuit spesifieke Bybeltekse. Maar sy uitgangspunte is ook sterk gegrond op die basiese beginsels van effektiewe ouerskap, ongeag of die persoon ’n Christen is of nie. Dit bevat dus universele waarhede wat net sowel vanuit die psigologie, opvoedkunde of pediatrie begrond kon wees. Dit is ’n lekker-lees boek met pittige en amusante voorbeelde.

In Hoofstuk vier (*Hoe om die wil te vorm*) toon Dobson byvoorbeeld aan dat kinders gelei moet word in die volgende aspekte: leer jou kinders respek vir gesag terwyl hulle nog baie jonk is; lê grense neer voordat hulle afgedwing word; onderskei tussen moedswillige uittarting en kinderlike onverantwoordelikheid; stel gerus en onderrig as die konfrontasie verby is; vermy onmoontlike eise en laat die liefde jou rigsnoer wees. Ten opsigte van elkeen van hierdie aspekte gee Dobson voorbeelde van hoe gewensde gedrag aangeleer en deur die ouer gemodelleer kan word.

Dobson tref ook ’n onderskeid tussen die hantering van kinders in die verskillende ouderdomsfases en hoe grense tydens elke lewensfase gehandhaaf moet word. Hy eindig elke hoofstuk met ’n “vrae en antwoord”-gedeelte waarin hy van die mees algemene vrae wat ouers aan hom stel rakende die spesifieke faset bespreek.

Dobson se siening van beheer (wat grense en dissipline insluit) mag drasties verskil van die populêre siening van “menseregte”. Hy stel dit dat kinders onder hulle ouers se beheer staan, en dat dit ouers se verantwoordelikheid is om grense en dissipline te handhaaf. In dié verband het Dobson dan ook geen probleem met lyfstraf nie. Hy toon aan dat daar sekere omstandighede is waaronder lyfstraf geregverdig is, maar dat dit op ’n korrekte wyse gedoen moet word – gematig, selektief, die ouer mag nie kwaad wees wanneer hy die kind pak gee nie, dit moet ’n beplande aksie wees en nie ’n reaksie nie en dit moet in privaatheid geskied (p. 153). Hy skiet ook argumente teen lyfstraf aan flarde en haal gesaghebbende navorsing aan waarmee hy sy argument staaf dat lyfstraf Bybels-gegrond is en ook nie skade hoef te veroorsaak nie.

Ongeag of die leser saamstem met Dobson se siening oor lyfstraf (en trouens daardie gedeeltes dan maar oorslaan), is die res van sy beginsels en riglyne verantwoordbaar.

Ons leef in ’n tydsgees waarin kinders amper “gebreinspoel” word met hulle menseregte – ongelukkig word dit dikwels verabsoluteer en leer kinders nie dat die teensy van menseregte, verantwoordelike gedrag is nie. Daar is daagliks berigte in die pers van ouers wat skole, onderwysers en sportafrigters wil dagvaar omdat hulle bloedjies te na gekom word. Dobson probeer die standpunt tuisbring dat ouers primêr verantwoordelik is vir hulle kinders se opvoeding en gedrag – en dat dit hulle taak is om die kind die nodige toerusting te verskaf om lewenseise te hanteer. Dit impliseer aktiewe, betrokke en verantwoordelike ouerskap.

’n Mens hoef nie met alles wat Dobson sê saam te stem nie, maar dat Dobson sinvolle riglyne en aanbevelings maak wat kinderopvoeding betref, kan nie ontken word nie. Dat sy standpunt ’n paar ouers dalk ongemaklik kan maak, is beslis! Dit beklemtoon dalk vir sommige ouers net té veel hoe ’n belangrike en verantwoordelike taak ouerskap is.

# ’n Historiografiese oorsig

**Claassens, H.W.** 2006. **Die geskiedenis van Boerekos: 1652-1806.** Pretoria: Protea Boekhuis. 513 p. Prys: R180,00.
ISBN: 1-86919-106-4.

**Resensent**: R.M. Coetzee
Stellenbosch

Hierdie boek gee ’n oorsig van resepteboeke, ou manuskripte en ander geskiedkundige bronne wat die periode 550 v.C. tot die laat twintigste eeu dek. Hieruit het die outeur die ontwikkelingsgeskiedenis van boerekos gekonstrueer. Die titel van die boek is misleidend, omdat die ontwikkeling van boerekos aan die Kaap met sy gemengde bevolking in die periode 1652 tot 1806 as sodanig nie ondersoek word nie.

Die Persiese, Romeinse en Arabiese kookkulture word bespreek, sowel as die speseryhandel en die invloed daarvan op die Hollandse en Europese kookkuns. Daarna volg 'n weergawe uit Jan van Riebeeck se dagboek oor al die kos en kosgebruike aan die Kaap, vanaf 1652 tot 1662. Die leefwyse aan die Kaap in die sewentiende en agtiende eeu word geskets, insluitend hulle kosgebruike. Verskeie geregte, wat moontlik as boerekos bestempel kan word, word uitgesonder en bespreek, byvoorbeeld soppe, souse, vleise, gebak en dranke.

Die laaste hoofstuk handel oor die Oosterse slawe en die outeur se afleiding is dat hulle geen invloed op die ontwikkeling van boerekos gehad het nie, omdat hulle van 'n té lae stand in vergelyking met hulle meesters was (p. 415). Ander geskiedskrywers sal moontlik hierop wil reageer.

Hierdie lywige publikasie met uitgebreide inligting uit ou geskrifte is 'n verkorte weergawe van die proefskrif van die outeur, H.W. Claassens, vir die verwerwing van haar D.Phil. by die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria in 2004. 'n Mens kan slegs bewondering hê vir die hoeveelheid interessante inligting wat versamel is en die outeur beny oor die hoeveelheid tyd tot haar beskikking om alles in detail te kon notuleer. Haar bronne is noukeurig in die bibliografie opgeneem. Om 'n probleemstelling vir die studie te skep het die outeur egter 'n oordrewe voorstelling geskep, naamlik dat kosskrywers (soos Leipoldt, Duckitt en Coetzee) die Afrikaners meer as 'n eeu lank mislei het oor die oorsprong van boerekos (p. 421). Geen skrywer het egter ooit die bewering gemaak dat die Hollanders nie kennis van kookkuns met speserye gehad het nie, soos gestel op p. 12. Die trant van die teks oor ander kosskrywers is grotendeels aanvallend en emosioneel, wat hinderlik en onprofessioneel is. Die feit dat die outeur aanvaar dat alle inligting uit historiese bronne wetenskaplik korrek is en dat haar afleidings uit Kolbe (p. 82) teenstrydig is met hedendaagse navorsing, laat 'n mens twyfel aan die korrektheid van ander inligting wat aangebied word. Ook skemer vooroordeel uit afleidings soos gemaak op p. 415 van *Boerekos*. Dr. G.S. Nienaber se waarskuwing in die R.G.N.-publikasie *Khoekhoense Stamname* (p. 9) "dat iemand se vooringenomendheid sy metode en bevindinge kan kleur, en dat dit op die gebied van etnisiteit maklik aktief kan word" is van toepassing.

Lesers wat geïnteresseerd is in die geskiedenis van Kaapse kos sal nie langer aangewese hoef te wees op die dagboek van Van Riebeeck (vertaal deur prof. H.B. Thom) of op ander ou geskrifte nie,

omdat al hierdie dokumente volledig opgesom is in hierdie boek. *Die Buiteposte* van dr. Dan Sleigh, nie gemeld in die boek nie, sou goed hierby aangesluit het. Die leser wat die romantiek van kosmaak geniet en inspirasie soek om self boerekosresepte te maak, sal egter bedroë daarvan afkom.

Die inhoud van hierdie boek berus op subjektiewe afleidings van die outeur, wat nie as wetenskaplike bewyse geformuleer kan word nie. Amerikaanse navorsers van resepte van ou beskawings gebruik die term "a calculated guess" in die benaming van ooreenstemming met bekende geregte. Indien die outeur tydens haar studie leiding gehad het van 'n mede-promotor met kennis van sosio-kulturele voedselwetenskap, sou heelwat van die subjektiewe en ongegronde aannames dalk uitgesluit kon word. In die slotparagraaf van die laaste hoofstuk van die boek (p. 421) vermeld die outeur die eerste keer die wenslikheid van 'n holistiese benadering met die woorde "vir begrip van 'n volk se koskultuur is dit nodig om sy ganse menswees, sy geloof, politieke geskiedenis, habitat, taal en taalveranderinge in een pot te gooi". Om 'n groep of 'n volk se eetkultuur te bepaal, is 'n holistiese, sosio-kulturele benadering nodig en resepte of disse kan nie slegs hiervoor in aanmerking geneem word nie.

Die outeur lewer nie werklik op 'n wetenskaplike manier bewyse van haar aanname dat die slawe nie 'n invloed op die kos gehad het nie. Haar konseptualisering van die begrip "boerekos" is onvolledig. Dus is haar operasionalisering (die meet van die navorsingsvraag/navorsingstelling) onvoldoende om as 'n wetenskaplike studie aanvaar te word.

As 'n historiografiese oorsig van die Arabies-Persiese kookkuns, asook vir die uiteensetting van sekere Oosterse kosgebruike, verdien hierdie boek egter 'n plek op die boekrak van elke kosboek-versamelaar.